LAERSKOOL GOEDEHOOP

# Goedes Nuusbrief

GROEI EN BLOEI

NUUSBRIEF 11/2025

## Mnr Gawie sê sy sê...Bid vir wysheid

“Toets my, Here, en ondervra my. Ondersoek my motiewe en my toegeneendheid” - Psalm 26:2. Dit word van ons as Christene verwag om die toets te deurstaan. Sekere dele van ons karakter word getoets wanneer dit met ons goed gaan. Wanneer ek in 'n posisie van mag is, hoe hanteer ek die mense onder my? Wanneer ek oorvloed het, sien ek neer op ander wat nie het nie? Ander dele van my karakter word weer getoets wanneer ek onder druk is. Skree ek op ander en verplaas die druk of absorbeer ek die druk myself. Ons moet elke dag vir God vra, ondersoek my, toets my sodat ek meer en meer ontwikkel in die persoon wat God wil hê ek moet wees.

## Goegieland

Baie dankie dat u hierdie skoolkwartaal saam met ons geniet het. U kleuters het hard gewerk en baie geleer. Hierdie groep verdien die ruskans, want hulle is te oulik. Ons wens u 'n wonderlike vakansie vol rus, avontuur en hopelik min “Ek is verveeld!”-oomblikke toe. Mag u reis veilig wees. Ons sien uit daarna om al die blink ogies en uitgeruste ouers volgende kwartaal weer te verwelkom! Ons herinner u aan die kleuterskool se individuele fotodag wat plaasvind op 23 April 2025 vir Graad 00 en Graad 000 en 24 April 2025 vir Graad 0. Wees ook asseblief op die uitkyk vir die Google Vorm rakende die kleuterskoolkonsert. Dit moet asseblief voltooi word voor 8 April 2025. Geniet die vakansie!

Groete uit Goegieland

## Week se Program

### 2 tot 5 April 2025

- **Netbal Menlo Toernooi o/11A tot o/13A te HS Menlopark**

### 7 April 2025

- **Rugby & Netbal o/12 & o/13 Gert Sibandeproewe, 1ste rondte**

### 8 April 2025

- **Skole open vir 2de Kwartaal**

### 9 April 2025

- **Landloop Uitdunne**
- **Studiemetodes Gr. 4 (2de sessie)**

### 10 April 2025

- **Netballiga vs LS JJ vd Merwe (Tuis)**

### 11 April 2025

- **Goegieland Bybeldag**
- **Hokkieproewe o/13 S & D**

### 12 April 2025

- **Super 12 Rugby & Netbal**
- **Bergfiets XCO Nelspruit**
- **Landloop Sasol Klub**

## Dankbaar!

Die kwartaal is soos blits verby en ons kan amper nie glo ons staan weer aan die einde van die kwartaal nie. Ons staan weereens in verwondering oor hoe ryklik ons geseën word. Die liewe Vader is goed vir ons en ons mag nie die seëninge uit Sy hand miskyk nie, maak nie saak hoe groot of klein ons dink die seëning is nie. Ons is dankbaar teenoor ons ouers en die breër Goedehoop-gemeenskap wat ons skool so mooi ondersteun. Dankie aan elke kind en personeellid wat hard gewerk het hierdie kwartaal, asook die ouers wat mooi ondersteun het hierdie kwartaal.



## Johan Smith

Ons nooi graag alle ouers vir 'n aand van ouerskapverryking op Woensdag, 14 Mei 2025 om 18:30 by Kruik met skrywer, prediker en ouerskapkenner Johan Smith. Koste beloop R50/kaartjie. Volg gerus die skakel om te bespreek.




Die Skakel!

Johan Smith

## Rugby

Ons o/9 tot 1ste spanne het in die afgelope week rugbytoere by Camp Discovery gehad. Ons seuns het goed gevaar en baie ontwikkel. Ons toere is van hoë standaard en die kompetisie is straf om ons seuns voor te berei vir ons liga wat in Mei maand begin. Dankie aan die afrigters vir hul tyd en moeite wat hul afstaan aan ons seuns. Dankie ook vir ons ouers se ondersteuning sodat ons kan aanhou streef na beter.

## Skaak

Ons stel bekend die Super 12 Skaakspanne vir 2025.

**Junior Skaakspan**
Kian Vosloo
Kayno Cloete
Janco Cronje
Simon Mostert
Hugo Ellis
Sue-Ann J v Rensburg
Azer Hauptfleisch
William Schwab
Rebecca Landsberg
Jaunru Liebenberg
Jeandré Koekemoer

**Senior Skaakspan**
Juandré Labuschagne
Lewanné Jonker
Manny Neto
Melandie Faber
Hein Kruger
Adolf Swart
Calita Cornelissen
Ryno Hattingh
Hailey Herbst
HP Labuschagne
Anthony Herbst







| 31 Mrt | 1 Apr | 2 Apr | 3 Apr | 4 Apr | 5 Apr | 6 Apr |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Jenny Jordaan | Simon Mostert<br>Mckenzie Berg | Micyla Baldwin<br>Chloé Erwee | Lucan Lessing<br>Chloé Kleb<br>Carimé Niemand | Annebelle Venter | Avag-grace Wiggil | Hailey Brits |

| 7 Apr | 8 Apr | 9 Apr | 10 Apr | 11 Apr | 12 Apr | 13 Apr |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Mitchell vd Merwe<br>Estiaan vd Merwe<br>Charlize Labuschagne | Wilandri vd Merwe<br>McKayla v Niekerk<br>Henco Hattingh<br>Liam Jevon | Janille Kgwadi<br>Alley Burr-Dixon<br>Alwi Bosman | Aléza Kasselman<br>Izelke Enslin<br>Minaé Knipe<br>Owen Jevon | Tristan Landsberg<br>Logan Minnie | Janel Engelbrecht |

# Toere

Ons toere vir die wintersport het reeds begin en dit is lekker om die kinders te sien deelneem. Ons is dankbaar teenoor die ouers en borge wat hierdie toere vir die kinders finansieel moontlik maak. Toere is nie vir die personeel 'n gratis vakansie nie, maar dit is lekker wanneer ons sien ons ouers is teenwoordig en hulle ondersteun. Ons besef hierdie is ook 'n uitgawe en baie van ons ouers se jaarlikse vakansie word hier spandeer. Dit is ook lekker om te sien as ons ouers die waardes van ons skool ook uitleef langs die sportveld. Ons besef gemoedere loop soms hoog, maar onthou kwaad word bly 'n keuse. Hoe ek my gedra in die hitte van die oomblik dui op my karakter en wanneer ons onsself beter gedra as die volgende skool, is dit 'n baie goeie teken van ons ouers se karakter wat ook in ons kinders weerspieël word.

# Dans

Hier volg die dans uitslae vir die Hoëveldgroep Dansbyeenkoms wat plaasgevind het op 8 Maart 2025.

**o/7- tot o/9-Seuns (Vlak 1)**
Handré Carstens - 2de

**o/9-Dogters (Vlak 1)**
Shae Devenier - 1ste

**o/10- tot o/13-Seuns (Vlak 2 & 3)**
Waldt van Niekerk - 1ste

**o/12-Dogters (Vlak 1)**
Leané Luddick - 3de

Hier volg die dans uitslae vir die Dansbyeenkoms wat plaasgevind het te Kempton Park

**o/14 & Onder Street (Vlak 3 & 4)**
Larochelle Schäde - 1ste
Melandie Faber - 3de

**Ballroom Volgers**
Larochelle Schäde - 1ste
Melandie Faber - 2de

**o/14 & Onder Performing Arts (Vlak 4)**
Larochelle Schäde - 3de
Melandie Faber - 4de

Hier volg die dans uitslae vir die Dansbyeenkoms vs Laerskool Secunda wat plaasgevind het op 15 Maart 2025.

**o/9-Dogters (Vlak 1 & 2)**
Mioné Mostert - 1ste
Janille Kgwadi - 2de

**o/11 & Onder Dogters & Seuns (Vlak 1)**
Luan Vosloo - 1ste
Zani Venter - 3de

**o/11 & Onder (Vlak 2)**
Zoé-Jane Steyn - 1ste
Janeke du Plessis - 3de

**o/13 & Onder (Vlak 1)**
Mia van Eeden - 2de
Chantey du Plessis - 3de

**o/13 & Onder Dogters (Vlak 2)**
Mické Botha - 1ste
Lianne Huisamen - 3de

**o/13 & Onder (Vlak 3 & 4)**
Melandie Faber - 1ste
Larochelle Schäde - 2de


































LAERSKOOL GOEDEHOOP
GROEI EN BLOEI

**Goedehoop-Groete**
**Mnr Gawie van Niekerk**
**Prinsipaal**